NR. 13

19 APRIL 2023

# MENLO-WEEKLIKS

Bly elke week op hoogte van ons Parkie-gebeure

## BOODSKAP VAN HOOF

**MNR. GERHARD PIETERSE**

# OPEDAG
# 21 APRIL
# 22 APRIL
# 08:00 - 12:00



# 'n Stukkie argief



**JAN HENDRIK LODE-WICUS VENTER**
**28.6.1911-11.4.1972**

**DIT WAS** 'n groot skok vir die skool en gemeenskap toe mnr. H.J.L. Venter, in lewe hoof van die Menloparkse Laerskool, op 11 April 1972 onverwags oorlede is juis toe hy met sy daaglikse fietsrit besig was.

Hierdie onderwysman is op 28.6.1911 op Kaalkraal in die distrik Lichtenburg, gebore. Sy onderwysersopleiding het hy te Potchefstroom ontvang waar hy die B.A.-graad aan die plaaslike universiteit behaal het.

Sy onderwysloopbaan het op Delareyville begin waar hy ook as koshuisvader diens gedoen het. Nadat hy op Sannieshof, Vlakfontein, Potchefstroom, Alberton en Boksburg in verskillende skole onderwys gegee het, word hy op 33-jarige ouderdom as hoof van die Laerskool Danie Theron aangestel. 'n Pos wat hy later ook aan Malvern-Oos, Pietersburg-Noord en Menlopark beklee het.

Wyle Jan Venter het sy plek in verskeie sosiale, kulturele en onderwyskomitees volgestaan. As ouderling en skriba van sy Kerk het hy vir baie jare getroue en toegewyde diens gelewer.

Hy was getroud met Anna van Heerden en twee dogters is uit die huwelik gebore.

Sy leuse was altyd: ,,Ons moet so werk asof ons vir altyd sal lewe, maar so lewe asof ons vandag mag sterwe.''

– J.J.v.T.

# Dagboek

| WOENSDAG 19 APRIL 2023 | |
|---|---|
| 08:00 | Super 12: Rugby- en netbal - uitspele te Camp Discovery (Groep B) |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 1) |
| | Junior koor: GEEN KOOROEFENING |
| | Senior koor: GEEN KOOROEFENING |
| 14:00 | Skaak: Ligawedstryde (gr. 2-7) |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/9 en o/10) |
| 16:00 | Rugby: Oefening (o/11- en oopspanne) |
| 16:30 | Voortrekkers: Opening |
| 17:30 | Rugby: Bulletjie oefening |

| DONDERDAG 20 APRIL 2023 | |
|---|---|
| 13:30 | Junior koor: Oefening |
| 14:00 | Senior koor: Oefening |
| 14:00 | Rugby: Oefening (o/9 en o/10) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – o/9) |
| 15:30 | Rugby: Oefening (o/11- en oopspanne) |
| 16:00 | Landloop: Oefening |
| 17:00 | Redenaars: English Public Speaking |

| VRYDAG 21 APRIL 2023 | |
|---|---|
| 08:00 | OPEDAG tot 12:00 |
| 13:30 | Robotika: Gr. 4 |
| 13:45 | Senior koor: Oefening |
| 14:00 | Gholf: Uitdunne |
| 14:30 | Robotika: Gr. 5 |

| SATERDAG 22 APRIL 2023 | |
|---|---|
| 08:00 | OPEDAG tot 12:00 |
| 08:00 | Bulletjierugby te Louis Leipoldt |
| 08:00 | Skaak: D4-individuele toernooi |
| 08:00 | Landloop: Klubliga 2, te Lyttleton Manor |

| SONDAG 23 APRIL 2023 | |
|---|---|
| 08:00 | Netbal: Wildeklawer |
| 12:00 | Senior koor: Optrede te Universiteits-Oord |

| MAANDAG 24 APRIL 2023 | |
|---|---|
| 08:00 | Netbal: Wildeklawer (o/13) |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 4-7) |
| 13:30 | Junior koor: Oefening |
| 13:30 | Redenaars: Gr. 6-en 7-Onvoorbereid ATKV |
| 13:45 | Algemene kennis: Gr. 7-oefening |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/8 en o/9) |
| 14:30 | ISF: Gr. 7 Engels (TBC) tot 16:00 – M. Erasmus |
| 14:30 | Netbal: Oefening (o/10-o/13) |
| 16:00 | Rugby: Oefening (1ste-span) |
| 17:30 | Senior koor: Oefening |
| 17:30 | Rugby: Bulletjie oefening |
| | Redenaars: Kansvatter (aanlyn tot en met 5 Mei – onthou om u video in te stuur) |

| DINSDAG 25 APRIL 2023 | |
|---|---|
| 08:00 | Netbal: Wildeklawer (o/13) |
| 13:30 | Redenaars: Indiv. oefening |
| 14:00 | Rugby: Ligawedstryde teen Stephanus Roos (weg) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7-o/13) |
| 14:00 | Mini-netbal: Feesdag (o/8+o/9) te Laerskool Wierdapark |
| 14:00 | Landloop: Oefening (slegs atlete wat nie aan wintersport deelneem nie) |
| 17:30 | Landloop: Inligtingsaand in die saal/personeelkamer |

| | |
|---|---|
| **WOENSDAG 26 APRIL 2023** | |
| 08:00 | Netbal: Wildeklawer (o/13) |
| 13:30 | Junior koor: Oefening |
| 13:45 | Senior koor: Oefening |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/9 en o/10) |
| 15:30 | Bergfiets: Oefening |
| 16:00 | Rugby: Oefening (o/11- en oopspanne) |
| **DONDERDAG 27 APRIL 2023** | |
| | **VRYHEIDSDAG** |
| 07:00 | Netbal: Finale GSN-proewe te Hoërskool Florida |
| **VRYDAG 28 APRIL 2023** | |
| | **SKOOLVAKANSIEDAG** |
| **SATERDAG 29 APRIL 2023** | |
| 08:00 | Ruitersport te Eaton Farm |
| **SONDAG 30 APRIL 2023** | |
| 08:00 | Ruitersport te Eaton Farm |

Menlo 360

Terugvoering: Menlo 360 (kwartaal 1).

Daar het 30 seuns ingekryf vir die individuele afrigting sessies. Daar was in totaal 24 ure per week, een-tot-een, krieket afgerig. Ons weet sommer dat die tweede kwartaal 'n groter sukses gaan wees.

**Ons wil graag ook in die tweede kwartaal met hokkie afskop.**

HIermee inligting vir die tweede kwartaal 2023:

**Krieket**

Individuele afrigting: kostes per kwartaal:
- R 2 475 vir een uur sessie per week, vir 'n totaal van 9 weke
- R 1 350 vir een halfuur sessie per week, vir 'n totaal van 9 weke

Groepafrigting per kwartaal: R 450
- Groepafrigting vir gr. R vind op Donderdae 11:00 tot 12:00 plaas.

- Afrigters: Ons huidige buiteafrigters wat 2022 krieketspanne afgerig het.
    - Mnr. SJ de Klerk
    - Mnr. Dihan Bekker

**Hokkie**

Kleingroep afrigting (3 tot 6 spelers)
- R 1 125 vir een uur sessie per week, vir 'n totaal van 9 weke

    - o/9 – Dinsdae 15:30 tot 16:30
    - o/10 – Dinsdae 16:30 tot 17:30
    - o/11 – Woensdae 14:00 tot 15:00
    - o/12 – Woensdae 15:00 tot 16:00
    - o/13 – Woensdae 16:00 tot 17:00

Afrigters gaan deurlopend ge-evalueer word en op gereelde basis kursusse bywoon.
Aan die einde van elke kwartaal, na afloop van die assessering, sal terugvoer aan die ouers gegee word.

Afrigting begin die tweede week van die tweede kwartaal. Besprekings kan gedoen word deur Mnr. Theo van Heese by sport@menlolaer.co.za te kontak.

Groete
Mnr. Theo van Heese
Bestuurshoof: Sport

# AKADEMIE

ME. O. KLOPPER

**Ouerafsprake: Graad 4 tot Graad 7**

Formele ouersafsprake om die eerste kwartaal se vorderingsverslae te bespreek word op die volgende datums gehou:

- Maandag: 24 April 2023 (13:45 tot 17:00)
- Dinsdag: 25 April 2023 (13:45 tot 17:00)
- Woensdag: 2 Mei 2023(13:45 tot 16:00)

Ons wil graag tydens dié middae met ‘n spesifieke groep ouers gesels. Dié spesifieke groep ouers sal op Maandag, 17 April 2023 gekontak word.
Indien daar ander ouers is wat graag met ‘n spesifieke onderwyser wil gesels, is u welkom om met daardie onderwyser ‘n afspraak te reël. (Whatsapp of e-pos)
Die leerlinge se skrifte is in hulle besit en word daar versoek dat u dit gereeld deur blaai. Bring asseblief die betrokke vak se skrif saam met u na die afspraak. Onthou, ons kinders is afhanklik van u positiewe reaksie oor hul boeke en assesseringstake. Teken asseblief die assesseringstake en ook weekliks u kind se skrifte.

Deurlopende assessering- en eksamenroosters word Vrydag, 14 April 2023 op D6 geplaas en sal ook via die klasgroepe deurgegee word. Sit dié rooster sommer teen die yskas vas.

Personeel versoek dat leerlinge asseblief nie die kwartaal onnodig afwesig moet wees nie, juis omdat daar ‘n eksamen dié kwartaal geskryf word. Indien u kind(ers) afwesig is moet u asseblief onthou om die nodige reëlings te tref sodat sy/haar werk op datum bly. Indien u kind(ers) tydens ‘n klasassessering afwesig is, moet u asseblief die betrokke onderwyser kontak om ‘n alternatiewe middag te skeduleer vir die inhaal van daardie assessering.

Baie sterkte vir ‘n bedrywige kwartaal en byvoorbaat baie dankie vir u volgehoue ondersteuning!

Groete,
Odette Klopper (Adjunkhoof)

#SkoolMetDie GROOTSTE GEES

WEES FIER
LAERSKOOL MENLOPARK

# GROOT "WARM" GEE

Maak leeg jou kas en vul iemand anders se hart.

Alle items, wat iemand hierdie winter kan warm hou, kan geskenk word.
Kom ons wys ons groot, warm Parkie harte.

**JASSE,BAADJIES, TRUIE, SERPE, KOUSE, LANGBROEKE EN KOMBERSE.**


**STUUR SWART SAKKE MET ITEMS NA U KIND SE VOOGONDERWYSER VOOR 30 MEI.**

70 wees fier!

GYS PITZER MOTORING
TRADING QUALITY GUARANTEED

GROOTFM GAAN GROOT 90.5

# Die feesjaar winkel is oop!!




KLIEK HIER

# Tweede rondte bestellings word 15 Junie ingedien.

# REDENAARS

**ME. K. SMITH EN ME. I. VISSER**

| REDENAARS: | | | Inskrywings sluit: |
|---|---|---|---|
| Eng Public Speaking | 20 April | gr. 4 - 7 | 24 Maart. |
| ATKV | 5, 6 Mei | H/s Menlopark | 24 Feb. |
| ATKV Semi-finale | 26, 27 Mei | H/s Menlopark | |
| ATKV Nasionaal | 19 Augustus | ATKV Goudini Spa | |
| Gr 1-3 Redenaars Klassikaal | 17 April – 19 Mei | **gr. 1 – 3**<br>gr. 1: 5 Junie<br>gr. 2: 29 Mei<br>gr. 3: 22 Mei | |
| Artistatue | 19 Junie | Skoolsaal | 28 Feb. |
| Artistatue finaal | 24 – 26 Augustus | Midstream College Centurion | |
| *Oppie Tong Af | 18 Jul – 28 Aug AANLYN | www.oppietongaf.co.za<br>vorster@oppietongaf.co.za | 14 April |
| Oppie Tong Af Nasionale Finale | 12 – 14 Oktober | Gauteng | |
| *Radikale Redenaars | 29 Mei – 12 Junie AANLYN | U skryf self u kind in, geen affiliasiefooie nie.<br>Uitslae op web – 20 Julie<br><br>radikaleredenaar@gmail.com<br>www.radikaleredenaar.com | |
| Radikale Redenaars: Streeksfinaal | 5 Augustus<br>Plek sal bevestig word. | | |
| Radikale Redenaars: Nasionaal | | | |
| *Kansvatter | 24 April – 5 Mei AANLYN | https://petrusjacobslive.co.za/pjlkv2022/<br>bookings@petrusjacobslive.co.za<br>082 822 5233<br>U skryf self u kind in, geen affiliasiefooie nie. | 21 April |
| Kansvatter Semi-finaal | 5 – 9 Junie | Beoordeling van video's 29 Mei – 2 Junie | |
| Kansvatter: Finaal | 7 – 9 September | Laerskool Bakenkop | |

**KOMPETISIES MET 'N STERRETJIE GEMERK IS DAAR GEEN BEPERKTE AANTAL INSKRYWINGS NIE!**

English Public Speaking:

The English Public speaking will take place on Thursday, 20 April 2023.

Time: 17:00

Pupils participate in school uniform.

Gr. 4 - 5 pupils in Ms M Erasmus' classroom – room number 22.

Gr. 6 - 7 pupils in Ms M Cox's classroom – room number 21.

Parents will be allowed to attend the competition and to park in the school grounds. Enter at Tenth Street gate next to the B-field.

Good luck with your preparation!

## SKAAK

**ME. M. ERASMUS**

Saterdag, 15 Mei het 5 van ons skaakspelers aan die Silver Lakes Skaaktoernooi deelgeneem. Die uitslae is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Adriaan Truscott | Afdeling C | 3 uit 5 | |
| Frans-Leigh Roberts | Afdeling C | 1½ uit 5 | |
| Ané Truscott | Afdeling D | 3 uit 5 | |
| Johnathan Bienedell | Afdeling E | 3½ uit 5 | (6e) |
| Oliver de Klerk | Afdeling E | 1½ uit 5 | |

Ons is trots op julle! Sterkte vir die spelers wat eerskomende Saterdag aan die D4-individuele toernooi in Centurion deelneem.

# RUITERSPORT

**ME. K.VENTER**

Ons ruiters het die afgelope naweek van 15 en 16 April aan die **SANESA, QUALIFIER 2** ruitersport byeenkoms deelgeneem en die volgende behaal.

- James van Greunen -4 x DERDE plekke in Dressage en Prix Caprilli
- Libby Pienaar -2de en 3de in Showjumping 70cm en 3de Equitation
- Leah de Witt -6de in Showjumping 70cm
- Minke Kruger - 2de en 6de in Showjumping 50cm
- Mignon Kruger - 2x 10de in Showjumping 50cm
- Kyla Minne - 2x 9de plekke in Showjumping 50cm
- Cara Cilliers - 8ste Showjumping 50cm

Baie geluk aan elke ruiter met die pragtige prestasies!








# KOOR

**ME. S.COETZER**

## SONDAG - 23 APRIL - CHORAL CELEBRATION FESTIVAL 3

Kaartjies word via TIXSA bespreek en kos R120 per volwassene en R80 vir skoliere en pensionarisse.

Eet asb. voor die tyd, daar kan 'n kospakkie ingepak word of 'n geldjie gegee word vir verversings wat by die kerk te koop aangebied word. Asb. geen suiker of suiwel nie.

Ons arriveer om 12:00 – tree, 12:05 aan in ons koordrag.

**KOORDRAG:**

| Dogters | Seuns |
|---|---|
| Wit langmou skoolhemp | Wit langmou skoolhemp |
| Skoolrompie | Swart langbroek (word voorsien) |
| Skooldas (word voorsien) | Skooldas (word voorsien) |
| Donkergroen "tights" of sykouse | Swart kouse |
| Swart skoolskoene | Swart skoolskoene |
| Haarrekkie (word voorsien)<br>Hoë bokstert. | |

Eet asb. voor die tyd, daar kan 'n kospakkie ingepak word of 'n geldjie gegee word vir verversings wat by die kerk aangebied word. Asb. geen suiker of suiwel nie.

Twee van ons skoliere gaan om 13:15 ons koor aan al die ander kore bekendstel en vertel hoekom dit vir hul lekker is om in die koor te sing asook wat dit vir hulle beteken om deel te wees van die Menlo Koor.

Deure maak 14:20 oop en die konsert begin 15:00. (Ons sing eerste.) Konsert maak 17:30 klaar.

| DATUM | GELEENTHEID | PLEK | TYD |
|---|---|---|---|
| 17 April | Kooroefening | Skoolsaal | 17:30– 19:00 |
| 19 April | GEEN KOOROEFENING | | |
| 20 April | Ekstra kooroefening | Skoolsaal | 14:00– 15:00 |
| 21 April | Ekstra oefening vir bewegings by twee liedere. | Skoolsaal | 13:45 – 16:00 |
| 23 April | Choral Celebration Festival | NG Universiteits-oord, Hatfield | 12:00 Aanmeld<br>13:30 Klanktoets<br>14:20 Deure oop<br>14:55 Verhoog<br>16:00 Pouse<br>17:33 Konsert eindig |
| 18 Mei | Applous | NG kerk Skuilkrans, h/v Cussonia en Jan Albertstrate, Val de Grace, Pretoria | Inligting volg |
| 25 Mei | Super 12 | Inligting volg | |
| 11 Junie | Monumentale koorfees | Voortrekker-monument | Inligting volg |
| 24,25,26 Julie | Revue opnames | Pro Trax | Bussie vanaf skool en terug. |
| 30 Julie | Legato koorfees | Afriforum teater | |

# LANDLOOP

**ME. A.MIDDEL**

**Datums – 2 de Kwartaal:**

Beste ouers.

Die klub byeenkomste is vrywillig, maar dien as goeie bloodstelling. Om te kwalifiseer vir die Gauteng-Noord span, moet die atleet aan twee byeenkomste deelneem, en in die top 18 wees. Atlete kan dan oorweeg word vir die span wat aan die Interprovinsiale byeenkoms sal deelneem.

- 22 Apr. (Sa.) – Voorseisoen klubliga 1: Vrywillig – Lyttelton Manor - Fleur
- 6 Mei (Sa.) – Voorseisoen klubliga 2: Vrywillig – Lavender Country Market
- 12 Mei – Voorseisoen klubliga 3: Vrywillig – Night Race Eldoraigne
- 19 Mei (Vr.) – Landloop Noordvaal aflosbyeenkoms te HS Menlopark ·– atlete word in kennis gestel wie deelneem.
- 20 Mei (Sa.) – Voorseisoen klubliga 4: Vrywillig – Curro Hazeldean
- 14 Junie (Wo.) – Moontlike Landloopdag gedurende skooltyd
- 22 - 24 Junie (Vr.) – Landloopkamp te Pretoria en Mutango Lodge
- 22 Julie (Sa.) – Interprovinsiaal Groblersdal in derde kwartaal

**Datums – 3 de Kwartaal:**

Beste ouers
Om Gauteng-Noord te verteenwoordig by die SA-kampioenskappe, moet 'n atleet aan tenminste 4 byeenkomste deelneem vanaf April tot Augusus en ook by die Gauteng-Noord kampioenskappe in die Top 18 wees.

- 21 Julie (Vr.) – Skole liga 1 te Witpoort
- 28 Julie (Vr.) – Skole liga 2 te LS Queenswood
- 4 Aug. (Vr.) – Skole liga 3 te LS Vissershoek (naby Hartebeespoortdam)
- 11 Aug. (Vr.) – Skole liga 4 te Eduplex
- 19 Aug. (Sa.) – AGN Kampioenskappe
- 26 Aug. (Sa.) – Super 12 te Voortrekkermonument
- 16 Sept. – 17 Sept. SA ASA Kampioenskappe te Port Elizabeth

**Permanente nommers** word benodig vir atlete wat Gauteng-Noord verteenwoordig in die voorseisoen, sowel as die skoleliga en September se SA- Kampioenskappe.

**Alle vorms vir registrasie** en aansoeke vir 'n permanente nommer is in juffrou Adia se klas beskikbaar, asook op die Whatsappgroep. Die bedrag word elektronies oorbetaal aan Hoërskool Menlopark. Juffrou Adia benodig daarna 'n uitgedrukte bewys van betaling en 'n voltooide lisensievorm. Hoërskool Menlopark se klubregistrasie is ook belangrik. Heg 'n gewaarmerkte geboortesertifikaat en 2 kleinfoto'tjies aan. Kontak juffrou Adia vir meer inligting rakende die lisensies by **adia.middel@gmail.com** . Alle aansoeke vir nommers moet voor Vrydag, 28 April ingehandig wees by jufrrou Adia. Ons sal daarna nog een geleentheid vir aansoeke vir nommers doen. Dit sal in Junie plaasvind.

Atlete mag ook tydens die **voorseisoen** by die byeenkoms registreer vir 'n tydelike nommer. Meld vroegtydig by die byeenkoms aan vir die proses.

**Klubliga een** vind Saterdag plaas te Fleur Primary. Inskrywings kan vooraf by die byeenkoms gedoen word en 'n tydelike nommer vir die dag teen R50 aangekoop word. Daar is 'n elektroniese inskrywingsvorm op die Landloop/Middelafstandegroep.

**Inligtingsaand** vind plaas op Dinsdag, 25 April in die saal om 17:30. Belangrike inligting word hier gedeel.

**Oefeninge** sal op Dinsdae 14:00 – 15:00 en Donderdae 15:45 – 16:45 by ons skool plaasvind. Juffrou Charné sal in beheer wees.

Oefeninge vir atlete wat nie aan wintersporte deelneem nie, begin op Do. 20 April, 16:00 – 17:00. Onthou tekkies en 'n waterbottel !!!

**Skakel** asb. in by ons Landloop / Middelafstande groep deur op die volgende skakel te kliek.

# PARKIES PRESTEER BUITE SKOOLVERBAND

Stian Fourie (gr.6) het in die vakansie (30-31 Maart) aan die SA-Level 3 Regional Age Group Champs 2023 swem deelgeneem.



Dit is die eerste keer wat hy kwalifiseer vir hierdie voorreg .
Hy het aan die volgende items deelgeneem

- 100m Borsslag
- 50m Rugslag
- 100m Vryslag
- 50m Borsslag
- 100m Rugslag

Hy het in die 50m rugslag gekwalifiseer vir die finaal en op die ou einde ŉ algehele 7de plek behaal met ŉ tyd van 38.17sek.



LJ van der Westhuizen(gr.6) het die naweek van die 14de April aan SA XCO deelgeneem. Dit was 'n klipharde en baie tegniese baan. Hy het 17de gekom wat hom 5de in Gauteng plaas.

# LAERSKOOL MENLOPARK

# OPEDAG

## 21 APRIL
## 22 APRIL
## 08:00 - 12:00



**KLEUTERSKOOL | GRAAD R | LAERSKOOL**






Parkieland hou 'n tradisionele Bybelse ete. Dit was 'n regte fees met brood, neute, vye, granate, druiwe, appels, dadels en nog meer!





# PARKIELAND KLEUTERSKOOL @ MENLOLAER



2-5 JARIGES
WELKOM
BRING JOU KIND
SAAM!

# OPEDAG

## 21 & 22 April 2023



## 08:00 – 12:00



H/v Anderson & Thomas Edisonstraat

@ Menlopark
Laerskool

012 460 7201

WWW.PARKIELAND.CO.ZA



70 wees fier!

# Wyn FEESVIERING

**U word hartlik uitgenooi na Laerskool Menlopark se 70ste verjaarsdagvieringe.**

Besonderse wyne sal saam met 'n heerlike ete bedien word. Wyne van uitsoek Stellenbosch wynlandgoedere sal deur gewaardeerde wynmakers aan die gaste bekendgestel word. Daar word ook 'n internasionale geur aan die aand gegee deur "Wines of the World".

Die alombekende Jak de Priester sal as seremonimeester en gaskunstenaar optree.

Die aand sluit af met 'n wynveiling van uitstaande kwaliteit wyne.

**R1 200pp**

**R12 000**
**vir 'n tafel van tien**

**26 Mei**
vanaf 17:30 vir 18:00
by **Loft at Nine (Menlo Park)**

**Kleredrag: Formeel**

WEES FIER
LAERSKOOL MENLOPARK

Vir enige navrae / besprekings, WhatsApp **Charlie Pistorius** op **072 355 9253 /** epos: **projekte@menlolaer.co.za** of **Johan Eloff - 083 629 8219**

CELEBRATING CHOIRS | EMBRACING DIVERSITY | CREATING NETWORKS

# Choral Celebration
## Festival Series

# PRETORIA

**3**

**23 April | 15:00**



**NG Kerk Universiteitsoord**

**Unisa Staff Choir**

**Laerskool Menlopark**

**TUT Pretoria**

**Magaliesberg Kinderkoor**

**Duduza Serenade**

www.tickets.tixsa/event/ccf-3

CCNF
CHORAL CELEBRATION
NETWORK FOUNDATION

**TICKETS FROM R60**

Die Voortrekkers

# KOMMANDO-OPENING

## 19 April 2023
## Laerskool Menlopark
## 16:30-17:30



# BOERESPORT

hou **KOERS!**

www.voortrekkers.co.za

### Krokodile (Graad 6)

Luan Snyman het die Hoëveld-gebiedskamp bygewoon, waar hy die sterrekunde-kenteken verwerf het. Hy het van planete en sterre geleer en het die geleentheid gekry om die sterre deur 'n teleskoop te bewonder.



---

### Otterwyne - Otter en Pikkewyne (Graad 7)

Wian Smit, Antonie van der Walt, Jacque Swart, Dalia du Plessis and Desré van der Merwe het die Jakaranda-gebiedskamp bygewoon. Hulle het geleer oor Suid-Afrika – ons erfgrond. Hulle het een aand in die veld geslaap en die Cullinanmyn asook 'n neutplaas in die area besoek. Hulle het die kamp afgesluit met 'n boeresport dag en 'n konsert.



Jannik Breytenbach, Carla Meyer, Benjan Steenekamp, Joe van Staden, Wian Smit, Antonie van der Walt, Milan Bezuidenhout, Jacque Swart, Simone Coetzee, Dalia du Plessis, Nina du Plessis, Maia Smit, Carsten Bosman en Desré van der Merwe het 'n belofte-spesialisasie gedoen waar hulle geleer het wie ons medemens is en hoe ons mense moet behandel wat anders as ons is. Hulle het geleer van respek, verantwoordelikheid, gehoorsaamheid en hulpvaardigheid. Die kamp is afgesluit met 'n ete onder die sterre en 'n sokkie.



HOU KOERS

Die Voortrekkers

## Voortrekkers – kampe tydens die Aprilvakansie

### Meerkatte (Graad 2)

Daniel Lubbe het die Hoëveld-gebiedskamp by Hartbeesfontein, Dinokeng bygewoon, waar hy sy veldkook-kenteken verwerf het. Hy het geleer hoe om vuur te maak en allerhande lekkergoed op die vuur te maak, van eiers op 'n graaf tot heerlike gesmelte sjokolade-nagereg.



---

### Zebras (Graad 4)

Leané van Rooy en Mia Labuschagne het die Jakaranda-gebiedskamp by Hartbeesfontein, Dinokeng bygewoon en die vasbyt-kenteken gedoen. Hulle het 5km gestap, 2.5km gehardloop, paal geklim en 'n klomp ander fiksheid aktiwiteite gedoen. Hulle het die hindernisbaan baie geniet. Dié 2 kan vasbyt!



Leané van Rooy, Leilani Bekker, Joshua van Rooyen en Joseph Saayman het die Hoëveld-gebiedskamp by Hartbeesfontein, Dinokeng bygewoon waar hulle die plantekennis-kenteken verwerf het. Hulle het baie van plante en bome geleer, onder andere hoe om plante of bome te gebruik vir tee maak, hoe om bas te gebruik om jou te beskerm teen insekte en hoe om alwyn op seerplekke te smeer. Hulle het plantjies geplant, turksvye geëet, die hindernisbaan voltooi en lekker uitgeslaap by die boskamp waar hulle 'n fliek in die veld gekyk het.



---

### Hienas (Graad 5)

Katie Lubbe, Nina van der Walt en Ruhan van Rooy het die Hoëveld-gebiedskamp bygewoon, waar hulle die weerkennis-kenteken verwerf het. Hulle het geleer hoe om die weer te verstaan en het 'n klomp van hul eie weer-instumente gemaak.



---

WEES FIER

LAERSKOOL MENLOPARK

# MENLO ADS

Vir plasings e-pos
menloweekliks@menlolaer.co.za




KIDS EAT FREE
VOUCHER!
Kids 12 years & younger
CHECK OUT OUR ARRR-MAZING KIDS' AREA
One kid's voucher per dining adult
John Dory's Menlyn
VAT incl. Not to be used in conjunction with any other promotion. Any meal from the Kids' Menu. Ts & Cs apply.
www.johndorys.co.za
Valid till 31 April 2023


the monaco
burger special
2 x Burgers
R170
take-away only
Every Thursday
Pick up from 4-6 pm
Order from 11 am
Your choice of chicken or beef
Call 072 559 7581 to order
We are operational during loadshedding
monaco EATERY
320, The Hillside street, Lynnwood, Pretoria


JOYN
NOU OOP
Ma-Sat 06:00 - 16:00
Veilige heining vir kinders en honde
Please order at counter
BETTER TOGETHER
69 Thomas Edison, Menlo Park


OFFICE SPACE
AVAILABLE
150m² - 500m²
TACKLE, WORK & PLAY
FLEXI SUITE
OFFICE SPACE
2 - 6 SEATER SPACE
INCLUDES:
- Boardroom Usage
- Utilities, Rates & Taxes
- Fully Equipped Kitchen
- Parking Bays & 24Hr Biometric Security
- Weekly Cleaning Service
1 MONTH FREE with every year signed*
ENQUIRE NOW: 072 722 9196 • michelle.hamman@striveprop.co.za
*Applies to Flexi Suite Office Space only
LOFTUS PARK
loftuspark.co.za

SCHOONBEE ™
LANDGOED
*unparalleled quality*

# R150 GESKENKBEWYS

## Plaasvars Vrugte, Sap, Vleis en vele meer.

**Gebruik die kode Menlo150**

en ontvang R150 afslag op jou mandjie waarde.

*Geldig tot 15 Mei 2023. Voorwaardes geld.

*Met liefde gestuur vanaf die Loskop Vallei*




**www.schoonbee.co.za/shop**

VOLG ONS OP INSTAGRAM & FACEBOOK

KOPKRAP

GK BROOKLYN

# GESINSTOERUSTINGSDAG VIR OUERS

## 13 MEI 2023
## 08:00

Plek: Gereformeerde Kerk
Brooklyn

Adres: Duxburyweg 174
Hillcrest, Pretoria

-Gratis bywoning
-Koffie & tee ingesluit
-Verskaf eie middagete
-Almal is welkom!

# TEMAS:

Kwessies oor geslagsidentiteit

Dr. Reitze Rodseth

---

Die belangrikheid van die huisgesin

Simon Brace

---

Die huwelik - Mees algemene uitdagings
Dr. Tienie Maritz

---

Liefde & waarheid

Nel Brace

---

Geloof & evolusie

Pierre Le Roux

---

Pornografie

Dr. Reitze Rodseth

---

Vir meer inligting kontak vir:
**Daniël**: 082 371 2040 of **Linda**: 082 707 9699

KOPKRAP

GK BROOKLYN

# 13 MEI 2023 GESINSTOERUSTINGSDAG

# PROGRAM:

08:00
Aankoms (Koffie en beskuit)

---

08:20- 08:35
Verwelkoming
Dr. Daniël Maritz

---

08:35-09:35
Die huwelik - Mees algemene uitdagings
Dr. Tienie Maritz

---

09:45-10:45
Geloof & evolusie
Pierre Le Roux

---

10:45-11:00
Teetyd

---

11:00-12:00
Pornografie
Dr. Reitze Rodseth

---

12:00-13:00
Etenstyd (Elkeen verskaf eie middagete)

---

13:00-14:00
Kwessies oor geslagsidentiteit
Dr. Reitze Rodseth

---

14:10-15:10
Liefde & waarheid
Nel Brace

---

15:20-16:20
Die belangrikheid van die huisgesin
Simon Brace

---

Vir meer inligting kontak vir:
**Daniël**: 082 371 2040 of **Linda**: 082 707 9699

THE

# MEATSMITH

EST. 2019

# YOUR FAVOURITE BUTCHER SHOP




queenswood@themeatsmith.co.za

QUEENSWOOD
QUARTER

012 111 8318
1184-1186 Whittle Ln,
Queenswood,
Pretoria, 0186


KUMON
WISKUNDE ENGELS
Wiskunde Engels Sukses
spesiale aanbod
FEB
Gee jou kind 'n voorsprong
Afslag op jou inskrywingsfooi in Februarie
Menlo Park Kumon – Sarina 083 675 4321




SLEGS R 100 ELK

# DIE BESTE NETBAL SAKKIES OP DIE RAKKIES




Grootte: 18 x 23cm

## R 100 per sakkie

**Perfek vir skeidsregters, afrigters en spelers**

Kan in skoolspesifieke kleure ook gedoen word.

**Bestel nou:**
**Martie - 083 417 3341**
**Saartjie - 082 229 6936**


NETBAL EK